N.B.—Persons possessing for use in trade weighing or measuring equipment mentioned in paragraphs (c) and (d) above, which are not contract instruments, are reminded that they should have notified the Regional Assizer, Private Bag 5038, Kimberley, before 15 January 1972 of the place where such weighing or measuring equipment is kept.

J. J. EVERTSE, Superintendent of Weights and Measures.
Pretoria, 22.9.72.

KENNISGEWING 621 VAN 1972

WET OP MATE EN GEWIGTE, 13 VAN 1958

Kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, word hierby kennis gegee dat elke persoon wat 'n weeg- of meetinstrument, maat of gewig vir gebruik in die handel besit op 'n plek in die Bylae hiervan vermeld of op 'n plek geleë binne 10 myl vanaf 'n plek aldus vermeld, dit op die plek en tyd genoem in vermelde Bylae vir ondersoek en yking of heryking moet lewer, tensy dit—

(a) 'n instrument, maat of gewig is waarop 'n ykstempel vir 1972 verskyn, of 'n kontrakinstrument is; of

(b) 'n weeg- of meetinstrument, maat of gewig is wat ingevolge die Wet van yking vrygestel is; of

(c) 'n weeg- of meetinstrument of maat is wat òf op so 'n wyse vas is òf van so 'n delikate konstruksie òf van so 'n gewig is dat dit nie gerieflik vervoer kan word nie; of

(d) 'n platformweeginstrument met 'n weegvermoë van meer as 150 kg is.

L.W.—Persone wat vir gebruik in die handel weeg- of meettoerusting besit wat in bostaande paragrawe (c) en (d) vermeld staan en nie kontrakinstrumente is nie, word daaraan herinner dat hulle die Streekyker, Privaatsak 5038, Kimberley, voor 15 Januarie 1972 in kennis moet gestel het van die plek waar sodanige weeg- of meettoerussting gehou word.

J. J. EVERTSE, Superintendent van Mate en Gewigte.
Pretoria, 22.9.72.

SCHEDULE

Danielskuil	Police Station	8.30–11 a.m.	24 October 1972.
Lime Acres	Police Station	8.30–10 a.m.	25 October 1972.
Postmasburg	Police Station	8.30 a.m.–3 p.m.	31 October 1972.
Sishen	Police Station	8.30–11.30 a.m.	7 November 1972.
Olifantshoek	Police Station	8.30–11.30 a.m.	9 November 1972.
Griquatown	Police Station	8.30–11.30 a.m.	14 November 1972.
Niekerkshoop	Police Station	8.30–10.30 a.m.	16 November 1972.

BYLAE

Danielskuil	Polisiekantoor	8.30–11 vm.	24 Oktober 1972.
Lime Acres	Polisiekantoor	8.30–10 vm.	25 Oktober 1972.
Postmasburg	Polisiekantoor	8.30 vm.–3 nm.	31 Oktober 1972.
Sishen	Polisiekantoor	8.30–11.30 vm.	7 November 1972.
Olifantshoek	Polisiekantoor	8.30–11.30 vm.	9 November 1972.
Griquatown	Polisiekantoor	8.30–11.30 vm.	14 November 1972.
Niekerkshoop	Polisiekantoor	8.30–10.30 vm.	16 November 1972.

(6 October 1972)/(6 Oktober 1972)

NOTICE 623 OF 1972

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

Statement of assets and liabilities on the 22nd day of September 1972

Liabilities	R
Capital	2 000 000,00
Reserve Fund	14 635 999,52
Notes in circulation	547 920 698,00
Deposits:	
Government	290 584 308,57
Provincial administrations	43 162 835,33
Bankers	204 288 722,98
Other	21 023 998,35
Other liabilities	206 177 678,97
	R1 329 794 241,72

Assets	R
Gold	444 297 225,75
Foreign:	
Bills	28 604 728,41
Investments	17 868 617,89
Other assets	362 959 150,32
Total gold and foreign assets	853 729 722,37
Domestic:	
Bills discounted	59 410 000,00
Loans and advances:	
Government	—
Other	120 256 988,66
Securities:	
Government	143 808 723,17
Other	4 103 019,81
Other assets	148 485 787,71
	R1 329 794 241,72

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 61,5 per cent.

Pretoria, 27 September 1972.

A. W. McDERMID, Assistant General Manager.

KENNISGEWING 623 VAN 1972

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Staat van bates en laste op die 22ste dag van September 1972

Laste	R
Kapitaal	2 000 000,00
Reserwefonds	14 635 999,52
Note in omloop	547 920 698,00
Deposito's:	
Regering	290 584 308,57
Provinsiale administrasies	43 162 835,33
Bankiers	204 288 722,98
Andere	21 023 998,35
Ander laste	206 177 678,97
	R1 329 794 241,72

Bates	R
Goud	444 297 225,75
Buitelandse:	
Wissels	28 604 728,41
Beleggings	17 868 617,89
Ander bates	362 959 150,32
Totaal aan goud en buitelandse bates	853 729 722,37
Binnelandse:	
Gediskonteerde wissels	59 410 000,00
Lenings en voorskotte:	
Regering	—
Andere	120 256 988,66
Sekuriteite:	
Regering	143 808 723,17
Andere	4 103 019,81
Ander bates	148 485 787,71
	R1 329 794 241,72

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 61,5 persent.

Pretoria, 27 September 1972.

A. W. McDERMID, Assistent-hoofbestuurder.

(6 October 1972)/(6 Oktober 1972)

NOTICE 622 OF 1972

DEPARTMENT OF STATISTICS

The Secretary for Statistics notifies for general information that the Consumer Price Index for August 1972, is as follows:

CONSUMER PRICE INDEX, ALL ITEMS
Base: April 1970 = 100

Area	Index
1. Cape Town	114,8
2. Port Elizabeth	116,2
3. East London	112,9
4. Kimberley	112,5
5. Pietermaritzburg	113,7
6. Durban	114,4
7. Pretoria	114,9
8. Witwatersrand	114,6
9. Bloemfontein	113,3
10. Vaal Triangle	112,0
11. O.F.S. Goldfields	112,3
Weighted average of the 11 areas	114,4

EXPLANATORY NOTES

The Consumer Price Indexes do not permit of inter-urban comparisons of price levels or cost of living. They do not indicate whether it is more expensive to live in one city than another. The indexes show for each urban area independently of any of the other urban areas the changes in prices which have taken place from time to time.

(6 October 1972)

NOTICE 624 OF 1972

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS. —LIST 59

(a) The following applications considered by the Board of Trade and Industries during the quarter ended 31 March 1972, have not been supported:

Increase in the duty on:

(1) Hardboard (TAC 48/70, List 516).
(2) Windscreen wiper blades.
(3) Window regulators, seat reclining mechanisms and seat slide adjusters.
(4) Strapping machines.
(5) Cotton yarn used in the manufacture of sewing yarn.

Reduction in the duty on:

(1) Bags of polypropylene.
(2) Electric clippers for cattle.

Rebate of the duty on:

(1) Rubber parts for the manufacture of electric cells.
(2) Potato pockets of polypropylene.
(3) PVC sheet for the manufacture of toy windmills.
(4) Trichloromonofluoromethane for the manufacture of polyurethane foam.
(5) Styrene copolymers for the manufacture of food and other packaging containers.
(6) Yachting dinghies.

(b) The following applications have been withdrawn or have not been proceeded with by the applicants during the period 1 March 1972 to 31 May 1972:

Increase in the duty on:

(1) Transmission shafts (TAC 10/70, List 504).
(2) Room air conditioners.
(3) Aerosol valves.
(4) Dyeing equipment.
(5) Electrical steel stampings.
(6) Display stands.

KENNISGEWING 622 VAN 1972

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

Die Sekretaris van Statistiek maak vir algemene inligting bekend dat die Verbruikersprysindeks vir Augustus 1972 soos volg is:

VERBRUIKERSPRYSINDEKS, ALLE ITEMS
Basis: April 1970 = 100

Gebied	Indeks
1. Kaapstad	114,8
2. Port Elizabeth	116,2
3. Oos-Londen	112,9
4. Kimberley	112,5
5. Pietermaritzburg	113,7
6. Durban	114,4
7. Pretoria	114,9
8. Witwatersrand	114,6
9. Bloemfontein	113,3
10. Vaaldriehoek	112,0
11. O.V.S.-goudvelde	112,3
Beswaarde gemiddelde van die 11 gebiede	114,4

VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS

Die Verbruikersprysindekse laat nie tussenstedelike vergelyking van pryspeil of lewenskoste toe nie. Die indekse toon nie of dit duurder is om in een stad as 'n ander te woon nie. Die indekse toon vir elke stedelike gebied onafhanklik van die ander stedelike gebiede die prysveranderings wat van tyd tot tyd plaasgevind het.

(6 Oktober 1972)

KENNISGEWING 624 VAN 1972

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—LYS 59

(a) Ondervermelde aansoeke wat gedurende die kwartaal geëindig 31 Maart 1972 deur die Raad van Handel en Nywerheid oorweeg is, is nie gesteun nie:

Verhoging van die reg op:

(1) Hardebord (TAK 48/70, Lys 516).
(2) Ruitveërblaaie.
(3) Vensterreguleerders, agteroorstelmeganismes vir sitplekke, en skuifverstellers vir sitplekke.
(4) Bindmasjiene.
(5) Katoengaring gebruik by die vervaardiging van naaigaring.

Verlaging van die reg op:

(1) Sakkies van polipropileen.
(2) Elektriese beesskeerknippers.

Korting van die reg op:

(1) Rubberonderdele vir die vervaardiging van elektriese selle.
(2) Aartappelsakkies van polipropileen.
(3) PVC-vel vir die vervaardiging van speelgoed-windmeulens.
(4) Trichloormonofluoormetaan vir die vervaardiging van poliuretaanskuim.
(5) Stireenkopolimere vir die vervaardiging van voedsel- en ander verpakkingshouers.
(6) Seilbootjies.

(b) Ondervermelde ansoeke is gedurende die tydperk 1 Maart 1972 tot 31 Mei 1972 ingetrek of die applikante het nie daarmee voortgegaan nie:

Verhoging van die reg op:

(1) Transmissie-asse (TAK 10/70, Lys 504).
(2) Kamerlugreëlaars.
(3) Aërosolkleppe.
(4) Kleurtoerusting.
(5) Elektriese staalstempelstukke.
(6) Vertoonstaanders.

Reduction in the duty on:

(1) Diphenylamine for the control of scald in apples.
(2) Certain dressings and medicaments.

Rebate of the duty on:

(1) Seamless tubes of polyamide for the manufacture of food and sausage casings (TAC 8/71, List 523).

(2) Parts, equipment and materials for the manufacture of bearings.

(3) PVC compound for the manufacture of plastic goods according to the rotational moulding process.

(4) Copper, nickel and aluminium wire for the manufacture of slide fasteners.

(5) Components and accessories for the manufacture and/or assembling of venetian blinds and metal pelmets.

(6) Raw materials for the manufacture of shower cubicle curtains and tablecloths of plastic material.

(7) Parts for the manufacture of refrigerators and freezers.

Withdrawal of the rebate facilities in respect of:

(1) Mattress ticking for the manufacture of mattresses.

General:

1. Drawback of the duty on gaskets for the completion of gasket kits for export.

For List 58, see General Notice 295, dated 19 May 1972.

(6 October 1972)

Verlaging van die reg op:

(1) Difenielamien vir die beheer van brandvlekke by appels.
(2) Sekere verbandgoed en geneesmiddels.

Korting van die reg op:

(1) Naatlose buise van poliamied vir die vervaardiging van voedsel- en worsomhulsels (TAK 8/71, Lys 523).
(2) Onderdele, toerusting en materiale vir die vervaardiging van laers.
(3) PVC-samestelling vir die vervaardiging van plastiekgoedere volgens die rotasievormingsproses.
(4) Koper-, nikkel- en aluminiumdraad vir die vervaardiging van skuifsluitings.
(5) Onderdele en toebehore vir die vervaardiging en/of montering van hortjiesblindings en gordynkappe van metaal.
(6) Grondstowwe vir die vervaardiging van storthokgordyne en tafeldoeke van plastiekstof.
(7) Onderdele vir die vervaardiging van koel- en vrieskaste.

Intrekking van die kortingfasiliteite ten opsigte van:

(1) Matrastyk vir die vervaardiging van matrasse.

Algemeen:

(1) Teruggawe van die reg op pakstukke vir die voltooiing van pakstukstelle vir uitvoer.

Kyk Algemene Kennisgewing 295 van 19 Mei 1972 vir Lys 58.

(6 Oktober 1972)

NOTICE 625 OF 1972

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(Eastern Cape Division)

THIRD BORDER CIRCUIT COURT, 1972

Under and by virtue of the powers in me vested by section 7 of Act 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:

1. The District of King William's Town together with the Districts of Victoria East, Keiskammahoek, Komga, Middeldrift, Stutterheim, Somerset East, Bedford, Fort Beaufort and Zwelitsha.

2. The District of Queenstown, together with the Districts of Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Aliwal North, Albert, Barkly East, Herschel, Maraisburg, Sterkstroom, Wodehouse, Tarka, Xalanga, Hewu, Lady Grey, Molteno and Venterstad.

3. The District of Graaff Reinet, together with the Districts of Cradock, Middelburg, Noupoort, Aberdeen, Jansenville, Murraysburg, Pearston, Colesberg, Hanover and Steynsburg.

4. The District of Uitenhage, together with the Districts of Humansdorp, Hankey, Kirkwood and Steytlerville.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purposes, such Circuit

KENNISGEWING 625 VAN 1972

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Oos-Kaapse Afdeling)

DERDE GRENS RONDGAANDE HOF, 1972

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel 7 van Wet 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogenoemde Hof gevorm het:

1. Die distrik King William's Town, tesame met die distrikte Victoria-Oos, Keiskammahoek, Komga, Middeldrift, Stutterheim, Somerset-Oos, Bedford, Fort Beaufort en Zwelitsha.

2. Die distrik Queenstown, tesame met die distrikte Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Aliwal-Noord, Albert, Barkly-Oos, Herschel, Maraisburg, Sterkstroom, Wodehouse, Tarka, Xalanga, Hewu, Lady Grey, Molteno en Venterstad.

3. Die distrik Graaff-Reinet, tesame met die distrikte Cradock, Middelburg, Noupoort, Aberdeen, Jansenville, Murraysburg, Pearston, Colesberg, Hanover en Steynsburg.

4. Die distrik Uitenhage, tesame met die distrikte Humansdorp, Hankey, Kirkwood en Steytlerville.

En voorts beveel en gelas ek dat gemelde Rondgaande Hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in die Bylae vermeld, met dien verstande dat, ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datum wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die Rond-

Court be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division), at Grahamstown this 20th day of September 1972.

A. G. JENNETT, Judge President.

SCHEDULE

1. King William's Town, 7 November 1972, at 9.30 a.m.
2. Queenstown, 10 November 1972, at 9.30 a.m.
3. Graaff-Reinet, 20 November 1972, at 9.30 a.m.
4. Uitenhage, 22 November 1972, at 9.30 a.m.

(6 October 1972)

gaande Hof geopen moet word op die dag en datum waarop die Regter so op 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling) te Grahamstad, op hede die 20ste dag van September 1972.

A. G. JENNETT, Regter-president.

BYLAE

1. King William's Town, 7 November 1972, om 9.30 vm.
2. Queenstown, 10 November 1972, om 9.30 vm.
3. Graaff-Reinet, 20 November 1972, om 9.30 vm.
4. Uitenhage, 22 November 1972, om 9.30 vm.

(6 Oktober 1972)

NOTICE 626 OF 1972

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(Eastern Cape Division)

FOURTH TRANSKEIAN CIRCUIT COURT, 1972

Under and by virtue of the powers in me vested by section 7 of Act 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:

1. The District of Butterworth, together with the Districts of Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St Marks, Tsomo and Willowvale.
2. The District of Umtata, together with the Districts of Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu and Tsolo.
3. The District of Mount Currie, together with the Districts of Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu and Umzimkulu.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the town on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day in which the Judge shall arrive at such place or so soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division), at Grahamstown, this 20th day of September 1972.

A. G. JENNETT, Judge President.

SCHEDULE

1. Butterworth, 1 November 1972, at 9.30 a.m.
2. Umtata, 6 November 1972, at 9.30 a.m.
3. Kokstad, 22 November 1972, at 9.30 a.m.

(6 October 1972)

KENNISGEWING 626 VAN 1972

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Oos-Kaapse Afdeling)

VIERDE TRANSKEISE RONDGAANDE HOF, 1972

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel 7 van Wet 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogemelde Hof gevorm het:

1. Die distrik Butterworth, tesame met die distrikte Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St. Marks, Tsomo en Willowvale.
2. Die distrik Umtata, tesame met die distrikte Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu en Tsolo.
3. Die distrik Mount Currie, tesame met die distrikte Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu en Umzimkulu.

En voorts beveel en gelas ek dat die gemelde Rondgaande Hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld, met dien verstande, dat ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datums wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die Rondgaande Hof geopen moet word op die dag en datum waarop die Regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse Afdeling) te Grahamstad, op hede die 20ste dag van September 1972.

A. G. JENNETT, Regter-president.

BYLAE

1. Butterworth, 1 November 1972, om 9.30 vm.
2. Umtata, 6 November 1972, om 9.30 vm.
3. Kokstad, 22 November 1972, om 9.30 vm.

(6 Oktober 1972)

NOTICE 627 OF 1972

BY-LAWS

It is hereby notified that the Under-Secretary (Financial Assistance) of the Department of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by Government Notice 1738 of 1 October 1971, approved the following by-laws made in terms of section 103 of the Water Act,

KENNISGEWING 627 VAN 1972

VERORDENINGS

Hierby word bekendgemaak dat die Ondersekretaris (Finansiële Bystand) van die Departement van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by Goewermentskennisgewing 1738 van 1 Oktober 1971, die volgende verordenings wat ingevolge artikel 103 van die

1956 (Act 54 of 1956), in respect of the Crocodile River Major Irrigation Board for the Crocodile River Major Irrigation District proclaimed by Proclamation 264 of 1960, as amended by Proclamation 261 of 1962.

CROCODILE RIVER MAJOR IRRIGATION BOARD

BY-LAWS

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates—

"Act" means the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956);
"Board" means the Irrigation Board for the Crocodile River Major Irrigation District;
"district" means the Crocodile River Major Irrigation District as constituted by Proclamation 264 of 1960, as amended by Proclamation 261 of 1962;
"officials" means employees of the Crocodile River Major Irrigation Board;
"regulations" means the regulations made in terms of section 102 (a) to (j) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).

ELECTION OF CHAIRMAN AND VICE-CHAIRMAN IN TERMS OF SECTION 86 OF THE ACT

2. The members of the Board shall, at the first board meeting convened by the returning officer after the election of board members, elect a Chairman and Vice-Chairman of the Board in the manner, prescribed by the regulations as amended.

PROCEDURE AT MEETINGS

3. The following procedure shall be followed at every meeting of the Board:

(a) All discussions shall be addressed to the Chairman.

(b) Members may not speak on any one subject for more than five minutes without the approval of the Chairman.

(c) No subject which has not been included in the agenda of any meeting shall be considered by the Board at that meeting unless at least two-thirds of the members are in favour of its being considered thereat.

(d) Any member desiring that a subject be included in the agenda shall lodge notice with the Secretary of the Board at least 14 days before the date of a meeting of the Board to be held in terms of regulation 24 of the regulations.

(e) All questions for the consideration of the Board at any meeting shall be resolved by a majority of the votes of the members present at such meeting and in the case of an equality of votes, the Chairman shall, in addition to his deliberative vote as a member, have a casting vote.

(f) The names of all members present at each meeting, as well as the names of those voting on each question, shall be recorded in a minute-book to be kept by the Secretary of the Board for the purpose.

(g) The Board shall cause minutes to be made of all appointments of officials and employees made by the Board, of the names of the members present at each meeting of the Board and Committees of the Board, of all resolutions taken by the Board and Committees of the Board including rates or charges levied and of all proceedings of meetings of the Board and of Committees of the Board and such minutes as aforesaid shall be signed by the Chairman of each meeting of the Board or Committee at the following meeting of the Board or Commitee after being read and found in order.

Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), opgestel is, goedgekeur het ten opsigte van die Krokodilrivierhoofbesproeiingsraad vir die Krokodilrivierhoofbesproeiingsdistrik geproklameer by Proklamasie 264 van 1960, soos gewysig by Proklamasie 261 van 1962.

KROKODILRIVIERHOOFBESPROEIINGSRAAD

VERORDENINGS

1. In hierdie verordenings, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"beamptes" werknemers van die Krokodilrivierhoofbesproeiingsraad;
"distrik" die Krokodilrivierhoofbesproeiingsdistrik soos ingestel by Proklamasie 264 van 1960, soos gewysig by Proklamasie 261 van 1962;
"Raad" die besproeiingsraad vir die Krokodilrivierhoofbesproeiingsdistrik;
"regulasies" die regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 102 (a) tot (j) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956);
"Wet" die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956).

VERKIESING VAN VOORSITTER EN VISE-VOORSITTER KRAGTENS ARTIKEL 86 VAN DIE WET

2. Die lede van die Raad moet tydens die eerste raadsvergadering, belê deur die kiesbeampte, na die verkiesing van raadslede, op die wyse voorgeskryf deur die regulasies soos gewysig, 'n Voorsitter en Vise-voorsitter van die Raad kies.

PROSEDURE OP VERGADERINGS

3. Die volgende prosedure moet by elke vergadering van die Raad gevolg word:

(a) Alle besprekings word tot die Voorsitter gerig.

(b) Lede mag nie langer as vyf minute oor een onderwerp praat sonder die toestemming van die Voorsitter nie.

(c) Die Raad behandel nie 'n saak wat nie op die agenda vir die vergadering verskyn nie, tensy minstens twee derdes van die lede ten gunste daarvan is dat die saak op die vergadering behandel word.

(d) Indien 'n lid verlang dat 'n saak op die agenda aangebring word, moet hy die Sekretaris van die Raad daarvan in kennis stel minstens 14 dae voor die datum van 'n vergadering van die Raad wat ingevolge regulasie 24 van die regulasies gehou word.

(e) Alle sake voor die Raad op 'n vergadering word beslis deur 'n meerderheid van die stemme van die lede teenwoordig op sodanige vergadering en in die geval van 'n staking van stemme het die Voorsitter benewens sy beraadslagende stem as lid ook 'n beslissende stem.

(f) Die name van alle lede teenwoordig op elke vergadering asook die name van die lede wat oor elke saak stem, word aangeteken in 'n notuleboek wat die Sekretaris van die Raad vir daardie doel hou.

(g) Die Raad sorg dat notule gehou word van alle aanstellings van beamptes en werknemers deur die Raad, van die name van lede teenwoordig op elke vergadering van die Raad en komitees van die Raad, van alle besluite geneem deur die Raad en komitees van die Raad met inbegrip van belastings of vorderings wat gehef word en van alle verrigtings van vergaderings van die Raad en komitees van die Raad en sodanige notule word onderteken deur die Voorsitter van elke vergadering van die Raad of komitee tydens die volgende vergadering van die Raad of komitee, nadat dit gelees en in orde gevind is.

(h) Reports by officials of the Board shall be tabled and considered.
(i) Matters left over from the previous meeting shall be considered.
(j) Reports by committees shall be considered.
(k) Applications and complaints by ratepayers and other owners shall be considered.
(l) Correspondence received from the Department of Water Affairs shall be discussed.
(m) General.

APPOINTMENT OF COMMITTEES IN TERMS OF REGULATION 36

4. (a) Committees constituted in terms of regulation 36 of the regulations shall consist of at least three board members.
(b) Two members of a committee shall constitute a quorum.
(c) Committees shall submit reports and recommendations to the Board in writing.
(d) Members of committees may submit a minority report to the Board in writing.
(e) The Chairman of the Board shall *ex officio* be a member of all committees.

POWERS AND DUTIES OF OFFICIALS OF THE BOARD

5. (a) The treasurer shall be liable for any amount paid to a person not entitled thereto.
(b) The treasurer shall keep safely under lock and key all unused receipt forms, stamps, cash on hand and all books of carbon copies of receipts.

(c) The treasurer shall ensure that full and sufficient receipts or vouchers for every payment made are obtained and that receipts or vouchers are properly stamped, if so required by law, and are filed in the order of payment.

(d) The treasurer shall be responsible for scrutinising all claims to ensure that they are in order before making payment, as well as for the accuracy of all calculations and for ensuring that all charges under tariff or contract are in terms of such tariff or contract.

(e) (i) The Board may authorise its treasurer to open a petty cash account for such amount, not exceeding twenty rand, as it may direct to facilitate the payment of small accounts: Provided that no individual payment amounting to more than ten rand shall be paid from such account.

(ii) The Board may, in special circumstances, with the prior approval of the Secretary for Water Affairs and subject to such conditions and limit as may be laid down by him, authorise its treasurer to operate a cash imprest, which imprest shall be reimbursed monthly on the production of vouchers covering all payments made during the month.

(f) All officials appointed by the Board shall be responsible to the Chairman and in his absence the Secretary of the Board shall be in charge of all other officials.

(g) The head water bailiff or other official appointed as such shall be responsible for the distribution of the available water and the control and maintenance of the works, as directed by the Board from time to time.

(h) The head water bailiff or other official appointed as such by the Board may employ such number of permanent Non-White labourers as the Board may deem necessary at salaries approved by the Board, to assist with the control and maintenance of the Board's works.

(i) Whenever necessary, casual Non-White labourers may be employed with the approval of the Board.

(h) Verslae van beamptes van die Raad word voorgelê en oorweeg.
(i) Sake deur die vorige vergadering oorgelaat, word oorweeg.
(j) Komiteeverslae word oorweeg.
(k) Aansoeke en klagtes deur belastingbetalers en ander eienaars word oorweeg.
(l) Korrespondensie ontvang van die Departement van Waterwese word bespreek.
(m) Algemeen.

AANSTELLING VAN KOMITEES INGEVOLGE REGULASIE 36

4. (a) Komitees aangestel ingevolge regulasie 36 van die regulasies bestaan uit minstens drie raadslede.
(b) Twee lede van 'n komitee vorm 'n kworum.
(c) Komitees moet verslae en aanbevelings skriftelik aan die Raad voorlê.
(d) Lede van komitees kan minderheidsverslae skriftelik by die Raad indien.
(e) Die Voorsitter van die Raad is ampshalwe lid van alle komitees.

BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN BEAMPTES VAN DIE RAAD

5. (a) Die penningmeester is aanspreeklik vir enige bedrag wat betaal is aan 'n persoon wat nie daarop geregtig is nie.
(b) Die penningmeester bewaar alle ongebruikte kwitansievorms, seëls, kontantgeld voorhande en alle boeke van kwitansiedeurslae veilig agter slot en grendel.
(c) Die penningmeester verseker dat volledige en voldoende kwitansies of bewyse verkry word ter stawing van elke betaling wat gedoen word, dat kwitansies of bewyse behoorlik geseël is, indien dit by wet vereis word, en dat hulle in volgorde van betaling gebêre word.
(d) Die penningmeester is verantwoordelik vir die noukeurige ondersoek van alle eise ten einde te verseker dat hulle in orde is alvorens hulle betaal word, asook vir die akkuraatheid van alle berekenings en vir die versekering dat alle vorderings ingevolge 'n tarief of 'n kontrak ooreenkomstig sodanige tarief of kontrak is.
(e) (i) Ten einde die betaling van klein rekenings te vergemaklik, kan die Raad die penningmeester magtig om 'n kleinkasrekening te open vir sodanige bedrag, maar nie meer as twintig rand nie, as wat die Raad voorskryf: Met dien verstande dat geen enkele betaling van meer as tien rand uit sodanige rekening gedoen word nie.
(ii) Onder spesiale omstandighede kan die Raad met die vooraf verkreë goedkeuring van die Sekretaris van Waterwese en onderworpe aan sodanige voorwaardes en beperking as wat hy oplê die penningmeester magtig om op 'n kontantvoorskot te werk en sodanige voorskot word maandeliks aangevul na die voorlegging van bewyse ter stawing van alle betalings gedurende die maand gedoen.
(f) Alle beamptes deur die Raad aangestel, is verantwoordelik aan die Voorsitter en by afwesigheid van die Voorsitter het die Sekretaris van die Raad beheer oor alle ander beamptes.
(g) Die hoofwaterfiskaal of ander beampte as sodanig aangestel, is verantwoordelik vir die verdeling van die beskikbare water en die onderhoud en beheer van die werke soos van tyd tot tyd deur die Raad aan hom opgedra.
(h) Die hoofwaterfiskaal of ander beampte as sodanig deur die Raad aangestel, mag soveel permanente Nie-Blanke arbeiders as wat die Raad nodig ag in diens neem vir lone deur die Raad goedgekeur, ten einde behulpsaam te wees met die beheer en onderhoud van die Raad se werke.
(i) Wanneer nodig, mag los Nie-Blanke arbeiders, met goedkeuring van die Raad, in diens geneem word.

CONTROL AND MAINTENANCE OF WORKS AND THE USE AND DISTRIBUTION OF WATER THEREFROM

6. (a) The Board shall divide all water under its control and arrange the distribution and use of such water in terms of the provisions of section 89 (1) (f) and (g) and (3) of the Act.

(b) If the Board owns or controls water works in terms of section 89 (1) (h) or (j) of the Act and supplies or delivers water by means of canals, such water shall be supplied or delivered through regulating sluices in accordance with time-tables prepared by the Board from time to time. The sizes of sluices shall be determined by the Board. Where water is abstracted from public streams by private owners by means of private works such abstraction shall be in accordance with a time-table prepared by the Board from time to time.

(c) Any person who, in terms of a permit issued under section 62 (1) (b) or (2) of the Act, is entitled to abstract or divert water from any public stream in the Crocodile River Government Water Control Area as defined in Proclamations 261 of 1957, 225 of 1958, 76 of 1959, 209 of 1962 and 79 of 1968, shall within three months of being given notice to do so, or if the said permit was issued after such date, within three months of the date on which the permit was issued, install or construct the following measuring devices on the water work by means of which he abstracts or diverts such water:

(i) On every pumping plant, a meter of the helical vane or propeller type, approved by the Chairman or his authorised representative, specifically designed for use with raw water which may carry silt or debris. [Either the impeller bearings shall be sealed against the ingress of dirt or a magnetic drive shall be employed. The size of the meter shall be such that the permitted rate of flow falls within the manufacturer's recommended range for that size of meter. The Board reserves the right to supply the meter to be installed and to debit the cost to the irrigator (less any subsidy which may have been paid thereon)]; and

(ii) at the intake of every canal or water furrow, a properly adjusted sluice gate and Parshall flume or Cippoletti weir of an approved type. [Should pumping be done directly into a canal or water furrow, then a Parshall flume or Cippoletti weir may be installed in the canal or furrow in lieu of a meter on a pumping plant.].

(d) Every owner shall be responsible for the water allocated to him and may use such water for agricultural purposes only.

(e) No person shall bath, bathe or do any washing or cause any of these actions to be done in a canal or in any other manner pollute the water in the canal. If any kraals, pigsties, latrines or other structures likely to result in pollution are erected in proximity to a canal and water under the control of the Board is polluted as a result thereof such pollution shall be an offence in terms of section 23 of the Act.

(f) Any person who in any way obstructs the flow of water in any of the Board's works shall be guilty of an offence and liable to punishment on conviction, in terms of section 170 of the Act.

(g) No unauthorised person may open or close or in any way interfere with any regulating sluice.

(h) The written permission of the Board shall be obtained for the construction of bridges or the laying of pipes across a canal or within the servitude areas of the Board.

BEHEER EN ONDERHOUD VAN WERKE EN DIE GEBRUIK EN VERDELING VAN WATER DAARUIT

6. (a) Die Raad moet alle water onder sy beheer verdeel en die distribusie en gebruik van sodanige water reël ooreenkomstig die bepalings van artikel 89 (1) (f) en (g) en (3) van die Wet.

(b) Indien die Raad waterwerke kragtens artikel 89 (1) (h) of (j) van die Wet besit of beheer en water deur middel van kanale verskaf of lewer, word sodanige water deur middel van reguleersluise volgens tydroosters soos van tyd tot tyd deur die Raad opgestel, verskaf of gelewer. Die grootte van sluise word deur die Raad bepaal. Waar water deur middel van private werke uit openbare strome deur private eienaars self geneem word, geskied sodanige onttrekking volgens 'n rooster deur die Raad van tyd tot tyd opgestel.

(c) 'n Persoon wat ingevolge 'n permit uitgereik kragtens artikel 62 (1) (b) of (2) van die Wet geregtig is om water te onttrek of uit te keer van 'n openbare stroom binne die Krokodilrivier-staatswaterbeheergebied, soos omskryf in Proklamasies 261 van 1957, 225 van 1958, 76 van 1959, 209 van 1962 en 79 van 1968, moet binne drie maande nadat hy kennis gegee word om dit te doen, of indien genoemde permit na sodanige datum uitgereik is, binne drie maande na die datum waarop die permit uitgereik is, die volgende meetapparaat op die waterwerk deur middel waarvan hy sodanige water onttrek of uitkeer, installeer of bou:

(i) Op elke pomptoestel, 'n meter van die skroeftipe, soos goedgekeur deur die voorsitter of sy gemagtigde verteenwoordiger, wat spesifiek ontwerp is vir gebruik met ongesuiwerde water wat slik of opdrifsels mag dra [òf die aandrywerlaers moet teen onsuiwerhede verseël wees, òf 'n magnetiese aandrywing moet gebruik word. Die grootte van die meter moet so wees dat die toegelate vloeitempo binne die vervaardiger se aanbevole perke vir daardie grootte meter val. Die Raad behou hom die reg voor om die meter wat geïnstalleer moet word, te verskaf en die besproeier met die koste daarvan te debiteer (min enige subsidie wat daarop betaal mag gewees het).]; en

(ii) by die inlaat van elke kanaal of watervoor, 'n behoorlik ingestelde sluis en Parshall-meetgeut of Cippoletti-oorloop van goedgekeurde tipe [Indien direk in 'n kanaal of watervoor ingepomp word, mag 'n Parshall-meetgeut of Cippoletti-oorloop in die kanaal of voor geïnstalleer word in stede van 'n meter op 'n pomptoestel.].

(d) Elke eienaar is verantwoordelik vir die water aan hom toegeken en mag dit alleen gebruik vir landbou-doeleindes.

(e) Niemand mag in die kanaal bad, baai of was of toelaat dat in die kanaal gebad, gebaai of gewas word nie of enigiets doen wat die water in die kanaal kan besoedel nie. Indien krale, varkhokke, gemakshuise of ander geboue wat besoedeling kan veroorsaak in die nabyheid van die kanaal opgerig word en water onder beheer van die Raad as gevolg daarvan besoedel word, is sodanige besoedeling 'n misdryf ingevolge artikel 23 van die Wet.

(f) 'n Persoon wat versperrings van watter aard ook al in die Raad se werke aanbring waardeur die vloei van die water enigsins belemmer word, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar kragtens artikel 170 van die Wet.

(g) Geen ongemagtigde persoon mag enige reguleersluis oop- of toemaak of hom daarmee bemoei nie.

(h) Niemand mag enige pype lê of brûe bou oor 'n kanaal of binne die serwituutgebiede van die Raad sonder die Raad se skriftelike toestemming nie.

(i) The Board shall give at least seven days' notice to all scheduled owners before cutting off the water in a canal for the purpose of cleaning or repairing such canal except in emergencies when it may do so at any time.

(j) No person shall obstruct any official of the Board in the discharge of his duties and any complaint against such official or in regard to the control and distribution of water shall be submitted to the Board in writing.

(k) Water turns may only be exchanged between owners with the written permission of the Board and on such conditions as it may impose.

(l) The financial and water year of the Board shall commence on 1 January or 1 July and terminate on 31 December or 30 June, respectively, in each year.

7. The by-laws framed in terms of section 76 of the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act 8 of 1912), are hereby repealed.

(6 October 1972)

NOTICE 628 OF 1972

DEPARTMENT OF LABOUR

WAGE ACT, 1957

WAGE BOARD INVESTIGATION.—COMMERCIAL DISTRIBUTIVE TRADE, PRINCIPAL AREAS

The Wage Board will meet at the places, dates and times stated below for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice 760 in the *Government Gazette* of 5 May 1972:

(a) *Durban.*—In the Boardroom, Room 317, Masonic Grove Government Buildings, Masonic Grove, at 9 a.m. on 17 October 1972.

(b) *East London.*—In the Boardroom, Department of Labour, 3 Hill Street, at 3.30 p.m. on 17 October 1972.

(c) *Port Elizabeth.*—In the Boardroom, Room 184, Eben Dönges Buildings, Hancock Street, at 2.30 p.m. on 18 October 1972.

(d) *Cape Town.*—In the Boardroom, Room 213, Thomas Boydell Buildings, Parade Street, at 2 p.m. on 19 October 1972.

(e) *Bloemfontein.*—In the Boardroom, Room 347, First Floor, Department of Labour, New Magistrate's Buildings, Eunice Road, at 2.30 p.m. on 23 October 1972.

(f) *Johannesburg.*—In the Council Chamber, Johannesburg Chamber of Commerce, First Floor, Allied Buildings, corner of Bree and Rissik Streets, at 10 a.m. on 7 November 1972.

D. J. ODENDAAL, Secretary, Wage Board.

(6 October 1972)

NOTICE 629 OF 1972

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS

LIST 568

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industries, Private Bag X342, Pretoria, within four weeks of the date of this notice.

Increase in the duty on:

1. Shot and angular grit, of iron or steel, whether or not graded, from free of duty to 15 per cent *ad valorem.* (BTI Ref. T5/2/15/2/1.)

(i) Uitgesonderd in noodgevalle, wanneer dit te eniger tyd gedoen mag word, kan die Raad, na kennisgewing van minstens sewe dae aan elke ingelyste eienaar, die water in die kanaal afsluit ten einde hom in staat te stel om sodanige kanaal skoon te maak of te herstel.

(j) Niemand mag 'n beampte van die Raad in die uitvoering van sy pligte hinder nie en 'n klagte teen sodanige beampte of in verband met die beheer en verdeling van die water moet skriftelik onder die aandag van die Raad gebring word.

(k) Omruiling van waterbeurte tussen eienaars kan slegs met skriftelike goedkeuring van die Raad en op sulke voorwaardes as wat die Raad mag stel, geskied.

(l) Die finansiële en waterjaar van die Raad begin op 1 Januarie of 1 Julie en eindig op onderskeidelik 31 Desember of 30 Junie van elke jaar.

7. Die verordenings opgestel kragtens artikel 76 van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912 (Wet 8 van 1912), word hierby herroep.

(6 Oktober 1972)

KENNISGEWING 628 VAN 1972

DEPARTEMENT VAN ARBEID

LOONWET, 1957

LOONRAADONDERSOEK. — KOMMERSIËLE DISTRIBUSIEBEDRYF, VERNAAMSTE GEBIEDE

Die Loonraad sal op ondervermelde plekke, datums en tye vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor in verband met bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing 760 in die *Staatskoerant* van 5 Mei 1972 gepubliseer is:

(a) *Durban.*—In die Raadskamer, Kamer 317, Masonic Grovestaatskantore, Masonic Grove, om 9-uur vm., op 17 Oktober 1972.

(b) *Oos-Londen.*—In die Raadskamer, Departement van Arbeid, Hillstraat 3, om 3.30 nm. op 17 Oktober 1972.

(c) *Port Elizabeth.*—In die Raadskamer, Kamer 184, Eben Döngesgebou, Hancockstraat, om 2.30 nm. op 18 Oktober 1972.

(d) *Kaapstad.*—In die Raadskamer, Kamer 213, Thomas Boydellgebou, Paradestraat, om 2 nm. op 19 Oktober 1972.

(e) *Bloemfontein.*—In die Raadskamer, Kamer 347, Eerste Vloer, Departement van Arbeid, Nuwe Landdrosgebou, Euniceweg, om 2.30 nm. op 23 Oktober 1972.

(f) *Johannesburg.*—In die Raadskamer, Johannesburg, Kamer van Koophandel, Eerste Vloer, Alliedgebou, hoek van Bree- en Rissikstraat, om 10 vm. op 7 November 1972.

D. J. ODENDAAL, Sekretaris, Loonraad.

(6 Oktober 1972)

KENNISGEWING 629 VAN 1972

DOEANE EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE

LYS 568

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige besware teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne vier weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X342, Pretoria, gerig word.

Verhoging van die reg op:

1. Skroot en puntige grint, van yster of staal, hetsy gegradeer al dan nie, van vry van reg tot 15 persent *ad valorem.* (RHN-verw. T5/2/15/2/1.)

Applicant:

Metal Abrasives (S.A.) (Pty) Ltd, P.O. Box 438, Benoni.

Note.—This application is in substitution for the application published in List 562, under General Notice 524 in *Government Gazette* 3635 of 25 August 1972.

2. Crawler track mounted percussion drill rigs, classifiable under tariff subheading 84.23.90, from free of duty to 25 per cent *ad valorem*. (BTI Ref. T5/2/16/2/1.)

Applicant:

Gardner-Denver Company Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 81, Kempton Park, Transvaal.

3. Plywood strips with protruding nails, used as carpet gripper, from 20 per cent *ad valorem* to 30 per cent *ad valorem* or 4c per m. (BTI Ref. T5/2/9/2/1.)

Applicant:

Smoothedge S.A. (Pty) Ltd, 44 13th Road, Kew, Johannesburg.

4. (i) Rovings of glass fibre, from 20 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem* or 70c per kilogram less 75 per cent of the f.o.b. price; and

(ii) chopped strands and chopped strand mat of glass fibre, from 20 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem* or 90c per kilogram less 75 per cent of the f.o.b. price. (BTI Ref. T5/2/13/4/1.)

Applicant:

Fibreglass South Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 9338, Johannesburg.

5. Tubes and pipes, of cast iron (excluding down pipes and gutter pipes) with a wall thickness of 8 millimetre and more but not exceeding 12 millimetre and with a nominal inside diameter of 100 millimetre and more but not exceeding 150 millimetre, from 145c per 1 000 kilogram (general) and free of duty (United Kingdom and Canada) to 3 885c per 1 000 kilogram (general) and 3 740c per 1 000 kilogram (United Kingdom and Canada). (BTI Ref. T5/2/15/2/1.)

Applicant:

Besaans-du Plessis Engineering Company (Pty) Limited, P.O. Box 631, Pretoria.

Rebate of the duty on:

Tissue paper, with a basis mass of less than 35 g/m², for the manufacture of toilet paper, serviettes, handkerchiefs, facial tissues and doilies. (BTI Ref. T5/2/10/2/1.)

Applicants:

(1) Amalgamated Packaging Industries Limited, P.O. Box 4708, Johannesburg.

(2) Cosmos Paper Products (Pty) Ltd, P.O. Box 1735, Pretoria.

For List 567 see General Notice 614, dated 29 September 1972.

(6 October 1972)

Applikant:

Metal Abrasives (S.A.) (Pty) Ltd, Posbus 438, Benoni.

Opmerking.—Hierdie aansoek vervang die aansoek gepubliseer in Lys 562, onder Algemene Kennisgewing 524 in *Staatskoerant* 3635 van 25 Augustus 1972.

2. Kruipspoor- gemonteerde perkussiebooruitrusting, indeelbaar by tariefsubpos 84.23.90, van vry van reg tot 25 persent *ad valorem*. (RHN-verw. T5/2/16/2/1.)

Applikant:

Gardner-Denver Company Africa (Pty) Ltd, Posbus 81, Kempton Park, Transvaal.

3. Laaghout in repe met spykers wat uitsteek, gebruik as tapytklemstrook, van 20 persent *ad valorem* tot 30 persent *ad valorem* of 4c per m. (RHN-verw. T5/2/9/2/1.)

Applikant:

Smoothedge S.A. (Pty) Ltd, 13de Weg 44, Kew, Johannesburg.

4. (i) Voorgarings van glasvesel, van 20 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem* of 70c per kilogram min 75 persent van die prys v.a.b.; en

(ii) gekapte glasveseldraad en gekapte glasveselmat, van 20 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem* of 90c per kilogram min 75 persent van die prys v.a.b. (RHN-verw. T5/2/13/4/1.)

Applikant:

Fibreglass South Africa (Pty) Ltd, Posbus 9338, Johannesburg.

5. Buise en pype, van gietyster (uitgesonderd afvoer- en geutpype), met 'n wanddikte van minstens 8 milimeter maar hoogstens 12 millimeter is en met 'n nominale binnedeursnee van minstens 100 millimeter maar hoogstens 150 millimeter, van 145c per 1 000 kilogram (algemeen) en vry van reg (Verenigde Koninkryk en Kanada) tot 3 885c per 1 000 kg (algemeen) en 3 740c per 1 000 kilogram (Verenigde Koninkryk en Kanada). (RHN-verw. T5/2/15/2/1.)

Applikant:

Besaans-du Plessis Ingenieursmaatskappy (Edms) Bpk, Posbus 631, Pretoria.

Korting van die reg op:

Sypapier, met 'n basismassa van minder as 35 g/m², vir die vervaardiging van toiletpapier, servette, sakdoeke, gesigspapierdoekies en doilies. (RHN-verw. T5/2/10/2/1.)

Applikant:

(1) Amalgamated Packaging Industries Limited, Posbus 4708, Johannesburg.

(2) Cosmos Paper Products (Pty) Ltd, Posbus 1735, Pretoria.

Kyk Algemene Kennisgewing 614 van 29 September 1972, vir Lys 567.

(6 Oktober 1972)

NOTICE 630 OF 1972

WILGEBOOMSPRUIT IRRIGATION BOARD, DISTRICT OF MARICO, TRANSVAAL.—BOARD MEMBERS—TERMINATION OF PERIOD OF OFFICE

The Minister of Water Affairs has, under section 76 (4) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), determined that the period of office of the members of the Wilgeboomspruit Irrigation Board, District of Marico, Transvaal, shall be terminated on 11 October 1972.

(6 October 1972)

KENNISGEWING 630 VAN 1972

WILGEBOOMSPRUITBESPROEIINGSRAAD, DISTRIK MARICO, TRANSVAAL.—RAADSLEDE—BEËINDIGING VAN AMPSTERMYN

Die Minister van Waterwese het, kragtens artikel 76 (4) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), bepaal dat die ampstermyn van die lede van die Wilgeboomspruitbesproeiingsraad, distrik Marico, Transvaal, op 11 Oktober 1972 beëindig word.

(6 Oktober 1972)

NOTICE 631 OF 1972

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

BY-LAWS

It is hereby notified that the Under Secretary (Financial Assistance) of the Department of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by Government Notice 1738, dated 1 October 1971, approved the following by-laws made in terms of section 103 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), in respect of the Selati River Irrigation Board for the Selati River Irrigation District proclaimed by Proclamation 338 of 11 December 1964.

SELATI RIVER IRRIGATION BOARD

BY-LAWS

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates:

"Act" means the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956);

"Board" means the Irrigation Board for the Selati River Irrigation District;

"district" means the Selati River Irrigation District as constituted by the corresponding Proclamaton 338 of 11 December 1964;

"officials" means employees of the Selati River Irrigation Board;

"regulations" means the regulations made in terms of paragraphs (a) to (j) of section 102 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).

ELECTION OF CHAIRMAN AND VICE-CHAIRMAN IN TERMS OF SECTION 86 OF THE ACT

2. The members of the Board shall, at the first Board meeting convened by the returning officer after the election of Board members, elect a Chairman and Vice Chairman of the Board as prescribed by the regulation as amended.

PROCEDURE AT MEETINGS

3. The following procedure shall be followed at every meeting of the Board:

(a) All discussions shall be addressed to the Chairman.

(b) Members may not speak on any one subject for more than five minutes without the approval of the Chairman.

(c) A resolution of the Board shall not be passed in respect of any subject which has not been included in the agenda attached to the notice of the meeting, unless every member of the Board is present at the meeting.

(d) No subject which has not been included in the agenda of any meeting shall be considered by the Board at that meeting unless at least two-thirds of the members are in favour of its being considered thereat.

(e) Any member desiring that a subject be included in the agenda shall lodge notice with the Secretary of the Board at least 14 days before the date of a meeting of the Board to be held in terms of regulation 24 of the regulations.

